

ST. SIMON EN ST. JUDAS THADDEUS

28 OKTOBER

(sterf 1ste eeu)

Hulle was deel van die Here se Twaalf Dissipels.

Simon, met die bynaam Seloot (Yweraar of

Fanatikus), was waarskynlik lid van 'n

ondergrondse beweging wat teen die

Romeinse oorheersers en hul meelopers

gekant was. Miskien was sy aanvanklike

beweegrede om by Jesus aan te sluit omdat

hy in Jesus iemand gesien het wat die gehate

Romeinse kon verslaan. Ook Judas Thaddeus

het dalk Jesus gevolg omdat hy gedink het Jesus

beantwoord aan sy politieke aspirasies. Jesus het

hulle aangeneem as sy dissipels en stadigaan hul

motiewe gesuiwer sodat hulle albei uiteindelik Hom

met volle oorgawe en met diep geloof tot die dood toe

gevolg het.